basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIOR SERTIFIKAAT/
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

# NOVEMBER 2020

# NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**NASIENRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (In) Rusland | 1 |
| | | |
| 1.2 | • Sy pa was (AS Bondy) se sokkerafrigter.✓<br>• Sy ma het handbal gespeel.✓<br>OF<br>• Die hele gesin beoefen een of ander sportsoort.✓ | 2 |
| | | |
| 1.3 | • Zinedine Zinedane/Zinedine/Zinedane<br>• Cristiano Ronaldo/Cristiano/Ronaldo | 2 |
| | | |
| 1.4 | • Hy was die **jongste doelskieter**.<br>• Hy was maar net 16/nog nie 17 nie, toe hy Thierry Henry se plek as **jongste doelskieter** ingeneem het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)(jonk en prestasie moet gekombineer word).* | 1 |
| | | |
| 1.5 | • PSG moes Monaco (baie/R2,8 miljard) betaal (om hom te laat gaan).<br>• Monaco/Hulle het baie geld gevra om Kylian te laat gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.6.1 | " ... in die kol!"<br>*(Kandidaat word nie gepenaliseer as die woorde nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| | | |
| 1.6.2 | • 4 (doele)<br>• Vier/vier (doele) | 1 |
| | | |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7.1 | (Vir) Frankryk | 1 |
| | | |
| 1.7.2 | • Kylian is nog baie jonk/net 19 jaar oud/nog aan die begin van sy loopbaan.<br>• Kylian is baie jonger as Messi en Ronaldo.<br>• Messi en Ronaldo is baie ouer as hy/het meer ervaring.<br>• Messi en Ronaldo was sy helde uit sy kinderdae; nou word hy met hulle vergelyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.7.3 | • Kylian het as **tiener** 'n **doel** in 'n **Wêreldbekereindstryd** aangeteken.<br>• Messi en Ronaldo het nie as **tieners** enige **doele** in 'n **Wêreldbekereindstryd** aangeteken nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.8 | erken hy Kylian se prestasies | 1 |
| | | |
| 1.9 | Pelé is (al) te oud om weer sokker te speel/hy het opgehou om sokker te speel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.10 | • Hy het nie meer privaatheid gehad nie./Oral het mense op hom afgestorm.<br>• Hy het min oorgehad om na te strewe./Hy het vroeg reeds die toppunt in sy sportloopbaan bereik./Hy was vroeg reeds skatryk.<br>• Hy het min vrye tyd gehad./Daar was nie tyd om sy bestuurslisensie te kry nie./Sy ouers moes hom nog rondgery het.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.11 | • Kylian moet dit wat oor hom gesê word, nog eers bewys.<br>• Daar kan nog baie dinge (mag dinge spesifiseer) gebeur wat kan verhoed dat hy dieselfde as die genoemde spelers gereken kan word.<br>• Op hierdie stadium is hy nog net die Jong Speler van die 2018 toernooi.<br>• Dis net wat die skrywer/publiek voorspel/dink/voel.<br>• Dit is nie op feite/bewyse gebaseer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde (mening is dieselfde as opinie.)* | 1 |
| | | |
| 1.12 | • geweld<br>• dwelmmisbruik/dwelms<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.13 | • Jy moet hard werk/oefen om bo uit te kom.<br>• Geweld en dwelms is nie die enigste uitweg (uit swak omstandighede) nie.<br>• Jy kan jonk al suksesvol wees.<br>• Sportdeelname is beter as om dwelms te neem.<br>• Jy kan ander mense help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.14 | • Hy het al sy prysgeld (van die toernooi) weggegee/vir liefdadigheid geskenk.<br>• Hy het bewys dat hy vir ander mense/arm en gestremde kinders omgee.<br>• Hy is onselfsugtig/vrygewig/'n goeie mens/hart.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.15 | • Iemand wat nie van Kylian Mbappé weet nie/nie weet hoe die bekende Kylian Mbappé lyk nie, kan nou op die foto sien hoe hy lyk.<br>• Die foto is van Kylian en dit pas by die inhoud wat oor Kylian handel.<br>• Die foto bevestig/ondersteun/bewys dit wat ons in die teks lees.<br>• Die foto pas by die hoofopskrif.<br>• Dit maak die mense nuuskierig om die artikel te lees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.16 | • Hy is tydens die 2018 Wêreldbekertoernooi as die Jong Speler van die Toernooi aangewys.<br>• Hy het die tweede tiener geword om 'n doel in 'n eindstryd aan te teken.<br>• Hy het ‘n doel/laaste doel in die eindstryd aangeteken./Hy het sy land se span ~~laat~~ gehelp om te wen/hy het vier doele in die toernooi aangeteken.<br>• Hy het al sy toernooigeld weggegee./Hy het 'n verskil in sommige mense se lewens gemaak.<br>• Hy was die jongman met die goue voet ✓en die goue hart.✓<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.17 | • Ek voel positief.<br>• Ek voel ek het iets goeds omtrent sokkerspelers geleer/dit het my laat besef dat sokkerspelers ook goeie dinge vir ander mense/ gemeenskappe doen.<br>• Dit maak geen verskil aan my nie, want ek hou nie van sokker nie/stel glad nie in sokker belang nie.<br>• Ek voel negatief.<br>• Daar word so baie geld aan sokker bestee en daar is mense wat honger ly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| **TEKS B: SPOTPRENT** | | |
|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 1.18 | • Hulle wil aansoek doen/registreer/inskryf (by die universiteit).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.19 | • Die studente lyk moeg./Hulle oë is toe.<br>• Die studente lyk verveeld.<br>• Die studente lê teen die muur.<br>• Die spotprenttekenaar maak van verskillende gesigsuitdrukkings/ liggaamshoudings gebruik.<br>• Die tou is lank.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.20 | • C<br>• só spreek Afrikaanse mense 'n jongman dikwels aan.<br>• C só spreek Afrikaanse mense 'n jongman dikwels aan.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.21.1 | Negatief | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.21.2 | • Die man sê dat die jongman in nog langer rye sal moet gaan staan wanneer hy vir werk aansoek doen.<br>• Met hierdie woorde impliseer die man dat werk skaars is.<br>• Baie mense doen vir dieselfde werk aansoek, want daar is nie baie werk nie.<br>• Die man skets 'n donker prentjie van die jongman se werksvooruitsig.<br>• Dis moeiliker om vir werk aansoek te doen as om by die universiteit te registreer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde (1.21.1 moet korrek wees om ‘n punt by 1.21.2 te verdien))* | 1 |
| | | |
| 1.22 | • Hulle konsentreer net op wat hulle (moet) doen.<br>• Daar is baie werk om te doen./Hulle is besig./Hulle werk hard.<br>• Hulle is al gewoond aan die werk wat hulle doen en doen dit sonder emosie.<br>• Hulle raak nie by die mense betrokke nie.<br>• Vir hulle is dit net maar nog 'n dag.<br>• Hulle werk meganies omdat die ry studente eindeloos lank is.<br>• Dis nie goeie maniere om te praat as iemand anders praat nie.<br>• Hulle is bang vir hulle werkgewer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**LET WEL:** Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die feite soos deur die vraag oor die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte word vir taal toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt word vir taal toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woorde grens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

| **TEKS C: HALLO, THOBELA, SAWUBONA** | | |
|---|---|---|
| **DIREKTE AANHALING** | | **EIE WOORDE** |
| 'n Nuwe taal kan op **enige ouderdom** aangeleer word. | 1 | Jy kan 'n taal op enige ouderdom aanleer. |
| Wil jy net iemand in sy eie taal kan groet of wil jy ernstig met jou buurvrou kan gesels? Voor jy enige taalkursus kies, moet jy **besluit wat jy met die taal wil doen**. | 2 | Besluit waarom jy die taal wil aanleer/hoe gevorderd jou taalkursus moet wees. |
| As jy die nuwe taal wil aanleer, moet jy dit **eers leer praat** voordat jy dit probeer skryf of lees. | 3 | Leer **eers** 'n taal praat (voordat jy dit lees en/of skryf.)/Leer (eers) 'n taal praat **voordat** jy dit lees en/of skryf. |
| Die **aanleer** van 'n taal het **niks met slimwees** te make nie. | 4 | Jy hoef nie slim te wees om 'n nuwe taal aan te leer nie. |
| As jy **genoeg tyd** aan die nuwe taal bestee, sal jy dit **bemeester**. | 5 | Bestee genoeg tyd aan die **aanleer/oefen** van die nuwe taal. |
| Verder is dit ook belangrik om, terwyl jy die taal aanleer, **elke kans** te gebruik om die taal te **praat**. | 6 | Gebruik elke geleentheid/kans om die nuwe taal te **praat**. |
| Luister na **liedjies** in die taal wat jy aanleer en probeer saamsing en die woorde onthou. | 7 | Luister na/Sing saam met liedjies in die nuwe taal. |
| Nadat jy jou **kursus voltooi** het, moet jy **aanhou** om die nuwe taal te **praat**. | 8 | Hou **ná die kursus** aan om die nuwe taal te praat. (64 woorde) |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

**AFDELING C: TAAL**

**NASIENRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde by woordstrukture moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | tradision**e**le<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.2 | • D<br>• die klere tydens hierdie uitverkoping baie goedkoop gaan wees.<br>• D die klere tydens hierdie uitverkoping baie goedkoop gaan wees.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.3 | **spot**goedkoop<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.4 | materia**a**l/materiale<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.5 | waaruit | 1 |
| | | |
| 3.6 | Besigheid**s**ure/besigheid**s**ure<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 3.7 | "vir oud en jonk" | 1 |
| | | |
| 3.8 | mense van oral oor | 1 |
| | | |
| 3.9 | Jy moet 'n draai by haar kom maak.(!)/Jy moet by haar 'n draai kom maak.(!)/Kom maak 'n draai by haar.(!)/Kom maak by haar 'n draai.(!) | 1 |
| | | |
| 3.10 | • "stergehalte diens"<br>• "verskeidenheid material(e)"<br>• "baie patrone"<br>• “tradisionele (tradisioneel) drag”<br>• “groot winskope”<br>• “die bykomstighede”<br>*(Kandidaat word nie gepenaliseer as die woorde nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| | | **[10]** |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | • Meneer (het) sê vir Neelsie (gesê) dat **hy** áltyd laat **kom** vir **sy** rekenaarklas.<br>• Meneer (het) sê vir Neelsie (gesê) dat **hy** áltyd laat vir **sy** rekenaarklas **kom**.<br>• Meneer (het) sê vir Neelsie (gesê) dat **hy** áltyd vir **sy** rekenaarklas laat **kom**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.2 | • Jammer/jammer/Ek is jammer.<br>• Dit spyt my.<br>• Verskoon my.<br>• Ekskuus/askies/'skuus<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.3 | • Rekenaar**taal** is gewoonlik in Engels.<br>• Die kinders praat so (tiener**taal**).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.4 | • Meneer/Hy frons/het plooie op sy voorkop.<br>• Meneer/Hy wys vir Neelsie sy vinger.<br>• Meneer se/Sy oë is groot.<br>• Meneer/Hy glimlag nie.<br>• Meneer se gesig/liggaamshouding.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.5 | • Neelsie doen **nooit** sy eie werk **nie**.<br>• Neelsie doen **nie** áltyd sy eie werk **nie**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.6 | • Meneer is kwaad vir Neelsie omdat hy nie sy werk doen nie.<br>• Omdat Neelsie/hy nie sy werk doen nie, is Meneer kwaad vir hom/Neelsie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.7 | áltyd/altyd<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.8.1 | verveeld | 1 |
| | | |
| 4.8.2 | dieselfde | 1 |
| | | |
| 4.9 | • B<br>• Dit is water op 'n eend se rug.<br>• B Dit is water op 'n eend se rug.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | **[10]** |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | kg<br>*(Daar mag nie 'n punt/hoofletter wees nie.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | as | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | • Ek meng die deeg in die **bak**.<br>• Ons **bak** in die son.<br>• Ek hou my hande **bak**.<br>• Sy hou daarvan om vir ander poetse te **bak**.<br>• Hy het ‘n bak idee.<br>• ‘n Poets bak.<br>• Die tas is agter in die bak.<br>• Die seun se bene is bak.<br>*(Enige sin waarin die ander betekenis van bak duidelik blyk.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | voltooi**de**<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.5 | • *Cupcakes of Hope* **sal/gaan** elke jaar iets **doen** vir kinders met kanker.<br>• *Cupcakes of Hope* **sal/gaan** elke jaar iets vir kinders met kanker **doen.**<br>• *Cupcakes of Hope* **sal/gaan** vir kinders met kanker elke jaar iets **doen.**<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.1.6 | eeu | 1 |
| | | |
| 5.1.7 | geleent**hede**<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.8 | hulle/hul | 1 |
| | | |
| 5.1.9 | beste<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.10 | inspirasie | 1 |
| | | |
| 5.1.11 | gelukkig/bly/opgewonde | 1 |
| | | |
| 5.1.12 | • **om** die organisasie vir hulle werk **te** bedank.<br>• **om** die organisasie **te** bedank vir hulle werk.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.1.13 | • verlede<br>• die vorige<br>• laas (jaar) (nie **laaste** jaar nie)<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.1.14 | torin**kie**<br>*(sp)* | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.1 | klante | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | aardbol/globe/wêreldbol/bolkaart (nie **-bal** nie) | 1 |
| | | |
| 5.2.3 | kok/sjef/chef<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.2.4 | ver-pleeg-ster/ver+pleeg+ster<br>*(Kandidate kan dit op enige aanvaarbare wyse aandui, solank die lettergrepe duidelik is.)* | 1 |
| | | |
| 5.2.5 | Die dame sê: "Meneer**,** hier is u geskenk." | 1 |
| | | |
| 5.2.6 | waar**<u>deer</u>** | 1 |
| | | **[20]** |

| |
|---|
| **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| **GROOTTOTAAL: 80** |

Kopiereg voorbehou